

21 November 2021

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



2 Samuel 23:1-7

ons **storie**
ysbreker



Wat maak van iemand 'n goeie leier?
Wat maak van iemand 'n goeie mens?
Is daar 'n verskil tussen 'n goeie leier en 'n goeie mens?

word **stil**



As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. Psalm 127:1

GOD se storie
wat sê die Bybel






Lees saam

2 Samuel 23:1-7

Lees gerus die teks in meer as een vertaling.

GOD se storie
gesels hieroor na



-  Wat maak dat iemand vandag hoog geplaas is? (Belangrik)
-  Wat maak iemand hoog geplaas, volgens Dawid?
-  Wat beteken dit as iemand 'n gesalfde is?

Mens sou hierdie woorde van Dawid kon beskyf as die laaste woorde van sy memoir / biografie.



Hy verduidelik waaraan hy, sy sukses toeskryf.
Watter rede gee hy vir sy goeie koningskap?



Dawid beskryf die kontras tussen iemand wat God eerbiedig en iemand wat goddeloos leef. (Watter gevolge hulle optrede het.)



Watter gevoel skep die verskillende beskrywings by jou?

Wat sou jy verkies?



Goeie leiers is goed, maar slegte leiers is baie sleg.



Dawid was 'n *legend* omdat hy 'n goeie (gehoorsame) koning was. Dawid is deur God gelei. God het hom geïnspireer en gemotiveer.

Ons het nou ook sulke *legend* leiers (soos Dawid) nodig.



ons **nuwe storie**



Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:



Watter leiers inspireer / motiveer jou?
Hoe kan ons leef dat mense sien God inspireer / motiveer ons?

Gesels oor die stelling: **Humankind. Be both.**

na die **erediens**



As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

-  Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
-  Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar



Mag ons lewe met eerbied vir God.

Bid vir leiers.
Bid vir mekaar.
Bid vir jouself.

